5 Mei 2019

# PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

## Handelinge 9: 1-20

### ons **storie**
ys**breker**

Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik?

Watter gedagtes kom by jou op as jy die woord “transformasie” hoor?

### word **stil**

Lees Openbaring 5: 11-14 as ’n gebed.

Wat wil jy saam met die hele skepping vir God sê?

### **GOD** se **storie**
wat sê **die Bybel**

Lees saam
**Handelinge 9: 1-20**

As daar tyd is,
kan elkeen dit daarna
weer op sy/haar eie tyd lees.

### **GOD** se **storie**
**gesels** hieroor na

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- In die tyd waarin hierdie verhaal afspeel was Christene bekend as die “mense van die Weg”. Wat sou dit beteken? En wat leer ons daaruit?
- Wie dink julle is die grootste kritici van die Christelike geloof? Wat sal gebeur as die persoon of persone tot geloof sou kom?

- Waaraan sien ons dat iemand se lewe regtig getransformeer is?
- Ten spyte van sy agtergrond word Saulus verander en gebruik. Dink aan nog sulke voorbeelde in die Bybel. Wat beteken die gedagte vir jou? Wat leer ons hieruit in terme van ons interaksie met ander mense?
- Nie alle bekerings is so dramaties soos Saulus se bekering nie. Tog het ons elkeen ons eie storie. Deel jou storie met die groep.
- Saulus is getransformeer van iemand wat Jesus vervolg het, na iemand wat Jesus voluit gevolg het. Wat sal gebeur as ons Jesus regtig voluit begin volg? Is dit iets wat ons regtig voor kans sien?

### ons **nuwe storie**

**Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor:**

Almal van ons het “’n Ananias” in ons lewe nodig. Iemand wat ons aanmoedig en ondersteun. Wie is dit vir jou? En vir wie kan jy Anannias gaan wees?

### **na** die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

### **bid** vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle ’n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?

**Dank God daarvoor.**